Roxanne vannie Cape Flats

*WAT LEES JY?*

# Roxanne vannie Cape Flats

’n Leser, NICKI LANDSBERG, vertel die storie van Roxanne, ’n steunpilaar van die Flats.

16 DESEMBER 2022
7 MIN OM TE LEES

BOEKE
ARTIKEL 17 VAN 30

Nicki Landsberg

Deel




ONTHOU, hierdie is julle platform. Deel asseblief jou skryfwerk – hetsy ’n resensie, boekbespreking, vertelling, kortverhaal of gedig – vir ’n kans om iets te wen. Dié week se skrywer, Nicki Landsberg, wen ’n eksemplaar van *Plaas se prys* deur Willemien du Preez. Dit is ons laaste plasing vir dié jaar.

Roxanne vannie Cape Flats

# Roxanne vannie Cape Flats

Ek ry deur die besige strate tot in die hartjie van Lotus River vir my onderhoud met die legendariese Roxanne Oliver van Gousblomweg. Dis ook waar die lag en die traan mekaar afwissel, ’n oop graf alledaags is soos ’n mondigwording, waar outentieke, stoere karakters die goue drade in die weefwerk van kulture vorm. En helder oordag ’n opslagkoeël ’n kind kan afmaai en ’n glimmende lem ’n nekslagaar soos ’n blomstingel kan afsny.

Toe ek die huis soek, help ’n paar jong seuns in die straat my reg. Voor ’n kleurryke ou woning roep een van hulle luidkeels na binne: “Antie Roxy, hie’s ’n larnie om vi’ antie te sien!” Hulle lag uitbundig.

Sy verskyn op die stoep, kleurvol soos haar agtergrond. “T’rug na julle hyse, laaities! Ek vattie insults va’ snotkoppe nie! Julle moet lee’ om my guests te respect. Toe, toe, weg is julle!”

“Mirrag! Aweh!” Ek word hartlik verwelkom in die sitkamer gemeubileerd in die styl van die 1950’s. Dis ’n landskap van porseleinornamente, familiefoto’s en gehekelde kleedjies.

’n Paar kinders skarrel in die gang. “Die kinnes is soe in my hare,” sê sy goediglik. “Kô’ ôs sit hie’ byrie tafel. Is maklike vi’ jou voice recorder. Jade sil ’ie tie bring. Sit gerus jou baadjie en satchel daa’ oppie stoel langes jou.”

Ek loer onwillekeurig deur die venster.

“Moenie worrie oo’ jou wheels ’ie,” lees sy my gedagtes. “Die tsotsi’s ga’ nie vi’ daai type ’ie. Hulle soek ’ie grênd models vi’ ’n quick getaway en goeie resale value. Is peaceful hie’ by ôs.”

Roxanne vannie Cape Flats

“Roxanne, ek sien baie uit na jou storie wat ek met ons lesers wil deel. Jy’s nie verniet bekend as ’n bobaasbakster nie.”

“Vra maa’ yt, Emily. Ik deel graag ’n paa’ recipes met hulle en boenop gaa’ jy daa’van proe!”

’n Ontluikende skoonheid met ’n donker krulkop en skraal armpies dra ’n yslike skinkbord in.

“Dis nou my kleindogte’ wat ik oplei innie kosmaak. Haa’ mammie is my oudste dogte’tjie. Sit maa’ hie’ nee’, Jade.”

“Reg soe, Ma,” glimlag die meisie skamerig en loer na my.

“En ek is Emily,” sê ek, bly dat ek my universeel aanvaarbare denims, T-hemp en kapbaadjie dra.

Roxanne dra ’n glansende geblomde kopdoek oor haar gryserige hare. Hoë wangbene, ’n byna rimpellose gelaat en ’n stewige liggaamsbou komplementeer haar uitgeslape bruin oë.

“Hoe groot is jou familie, Roxanne?”

Sy slaan haar oë dakwaarts, tel dan op haar vingers en draai na Jade. “Laas het Ma gesê ôs is 96 van albei kante.”

“Dankie, my kind. Kannalla, sil jy jou oeg hou orie kos innie oend? En onthou oek die atappels oppie stoef vi’ vanaand se cottage pie.”

Jade maak spore.

“Maa’ laa’ ons concentrate op die family,” sê Roxanne. “Ek was ien van siewe kinnes gewies, en ons ammal liewe nog. Destyds is ik getroud met Charlie – ’n goeie man as daa’ ooit ien gewies

Roxanne vannie Cape Flats

Sy vermorsel ’n vlieg met een klap van die plak. “My oudste dogte’tjie, Emmarentia, issie school principal in Grassy Park en issie ma van Jade, soes ek gesê het. Hulle twie woon hie’ by ôs since die toppie soe tragies oo’liede is. Ons twiede dogte’tjie, Chrystal, bly hie’ agte’ in die jaa’t met haa’ kinnes. Haa’ man het weggeloep met die bybie se geboo’te. Hy was geroek, ’n regte daggakop. Dan my twie seuns, Danny, die technician, en Boeta, ’n bouer, albei getroud en yt die hys yt. Hulle woon in die Elsies. Laaste, ons twie jongste dogte’tjies, Olivia en Pearl, oek goe’ getroud en ammal met hulle eie kinnes. Hulle bly daa’ onne’ innie Plain.”

“En Charlie? Was julle lank tesame?”

“Ons he’ mekaa’ geken since ons tiene’jare. Met my coming-of-age is ôs ordintlik in die kêk getroud. Diesdae het die mense anne priorities, maa’ my oue’s was streng gewies. Charlie was ’n man’s man. Ons was soe vas ammekaa’ vi’ soe baie jare, die dag toe ôs hom begrawe, ’et dit vi’ my gevoel part van my gaa’ samit hom innie graf.”

’n Heerlike kosgeur dryf vanuit die kombuis. Sy klap skielik haar hand oor haar mond. “Ik hoepie jy’s ’n vegetarian nie! Vi’ my is boboetie net boboetie as daa’ vleis in is.”

Ek stel haar gerus en kwyl aan die vooruitsig van die eg Kaapse gereg.

“Wanneer het jou kosloopbaan begin?” vra ek.

Sy skaterlag. “Mit ’n man en ses kinnes het jy alty’ ’n kosloepbaan. Daai jare was vleis goedkoep. Roast op Sundays en kalkoen vi’ Krismis wannee’ Charlie sy bonus kry. Maa’ toe Charlie soe onverwags afsterwe, was sy pension bietjie skraal. Toe sê Jade vi’ my sy wil iendag ’n sjef wôd en hoekom begin ik

Roxanne vannie Cape Flats

Soe het ons klyn begin hie' innie kombys en late' aan die groo' winkels ve'skaf. Toe wôd 'it te groo' – ve'al in term time – en nou concentrate ôs oppie coffee shops en klein restaurants mit koesisters, takeaway breyani en boboetie. Wannee' die snoek loep, maak ôs soms vis parcels oek, of curry bunnies. Maa' ve'staan, dis oppie smaller scale en miesal wannee' Jade die school holidays het. Kô saam, dan wys ik jou hoe goet my seunskinnes vi' my was."

Ek volg haar deur die kombuisie en uit op 'n toegeboude stoepie met 'n sinkdak en vensters met blindings aan drie kante. 'n Toonbank is ingebou met plek vir yslike kookpotte op 'n paar klein stofies; 'n opslaantafel staan opgevou teen die enigste muur met 'n buitekraan en wasbak handig naby.

"Hie's waa' als gebeu'. Wannee' ik en Jade te biesag is, moetie anne' kinnes inspring en help. Hie' moe' ammal saamtrek of ek skop hulle yt." Haar oë flits momenteel kwaai. "Maa' ek raa' nou lang innie tand vi' 'ie groot orders. Jade moe' haa' eie helpers arrange en sy kan ôk net in skoolvakansies baie wêk aanvat."

"Kô laat ôs aansit. Ik sil jou die recipes gie te'wyl ons iet. By the way, jy kan ienage tyd photos niem." Ek raak besig met my kamera terwyl sy opskep. Aldeur is sy vol lofprysing vir haar goeie lewe, en wys kort-kort met haar hande na Bo in dankbaarheid.

"En onthou, boboetie wil alty' bietjie syke hê – 'n ietliepel is ganoeg. En regte suu'lemoenblare vi' 'n bieterde' flavou'."

Deur die kombuisvenster is 'n piepklein tuintjie sigbaar teen die muur van 'n wendyhuis. Omring deur rivierklippe, beplant met kleurryke tuinblommetjies en met 'n houtkruis in die grond, probeer ek die woorde op die graffie lees.

die kinnes. Hy wassie ’n frans ’ie, nie ien van hulle ’ie en die Boere dink die gangste’s hettie verkee’de man geja van die straat al ommie hys tot hie’ agte’.”

Haar oë trek water, maar haar gesig is die ene glimlag. “Soe moe’ ôs maa’ ’ie goeie saam mettie kwade niem.”

Ons tyd is om. Ek reik na my sak en baadjie terwyl ek met haar simpatiseer.

“Kô lat ôs gaa’ kyk of jou moute’ se tyres nog op is!” terg sy. “En lat wiet my wannee’ ôs storie gepublish wôd.”

Op pad terug werk toe in my ongeskonde skedonk weet ek dat ek terug sal wees. Hier is nog baie Roxannes, reuse van die Cape Flats wat onwrikbaar soos rotspilare staan om hulle families te beskerm. Ek soek húlle, hulle lewensblyheid, hulle uithouvermoë.

**– Nicki Landsberg**

**♦ VWB ♦**

**NEEM DEEL AAN DIE GESPREK: Gaan na heel onder op hierdie bladsy om op hierdie artikel kommentaar te lewer. Ons hoor graag van jou!**

**Verwante Artikels**

’n Dop-en-dobbelstorie: Deel II

Pieter van der Westhuizen
10 min om te lees

Kortverhaal | ’n Dop-en-dobbelstorie

Pieter van der Westhuizen
8 min om te lees

Wie weet beter as lesers?

Roxanne vannie Cape Flats

Lesers resenseer met mening

Deborah Steinmair
9 min om te lees

Op pad kansel toe met Ali Smith

Marita van der Vyver
8 min om te lees

Deel

BLY OP HOOGTE. REGISTREER NOU EN ONTVANG ONS WEEKLIKSE NUUSBRIEF.

REGISTREER